



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
POTCHEFSTROOMKAMPUS

WETENSKAPLIKE BYDRAES  
REEKS H: INTREEREDE NR. 225

## **Kernenergie vir Waterstofvervaardiging**

**Prof Ennis Blom**

**Intreerde gehou op 22 Mei 2009**

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Kampusregistrator  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroomkampus  
Privaatsak X6001  
POTCHEFSTROOM  
2520

Kopiereg © 2009 NWU

**ISBN** 978-1-86822-567-5

## Kernenergie vir Waterstofvervaardiging



Die wêreld ondervind tans verskeie ernstige probleme soos byvoorbeeld die ekonomiese ineenstorting, dramatiese klimaatsverandering, die uitputting van energiebronne en ander. Die foto bo toon die besoedeling van kweekhuisgasse soos tipies verkry by 'n staal vervaardigingsaanleg. Die besoedeling wat veroorsak word kan ook vergelyk word met die van steenkoolkragsitasies waarvan daar 21 in Suid-Afrika in bedryf is. Drie van Suid-Afrika se kragsitasies (by Witbank, Volksrust en Ellisras) is onder die twintig stasies in die wêreld wat die hoogste besoedeling het.

Die foto onder toon die probleem van lugbesoedeling wat ondervind was by die onlangse Olimpiese Spele in Beijing en regt 'n ondergrondse olie bron gesien word wat opgedroog het aangesien olie wêreldwyd teen 'n hoër tempo verbruik word as waarteen nuwe bronne gevind en ontgin word.

## Fossiel Brandstowwe


- > Steenkool
- > Olie
- > Natuurlike Aardgas
- > Rede vir klimaatsverandering  
Koolstof + Lug → Kweekhuis-gasse  
(CO<sub>2</sub>, SO<sub>2</sub>, N<sub>2</sub>O)
- > Doel is om CO<sub>2</sub> teen 2020 met 20% te verminder
- > Elektrieseitstryverbruik wêreldwyd verwag om toe te neem met 2,4% p.a.

Die energiebronne wat verantwoordelik is vir die meeste lugbesoedeling is steenkool, olie en natuurlike aardgas, beter bekend as fossiel brandstowwe. Die energiebronne bestaan hoofsaaklik uit die elemente

koolstof en waterstof waarvan steenkool die hoogste koolstof en die laagste waterstofinhoud het, olie minder koolstof en meer waterstof en natuurlike aardgas die laagste koolstof en die hoogste waterstofinhoud het. Die probleem ontstaan egter wanneer die koolstof wat teenwoordig in genoemde energiebronne is in die teenwoordigheid van lig met suurstof brand om energie op te wek . word groot hoeveelhede koolstofdioksied, swaeldioksied en stikstofoksiedes in die atmosfeer vrygestel. Hierdie gasse staan algemeen bekend as kweekhuisgasse en word beskou as die hoofsoort wat aanleiding gee tot klimaatsverandering as gevolg van aardverwarming. Die meeste ontwikkelde lande is ondertekenaars van die Kyoto Protokol wat ten doel het om hul kweekhuis-gasvolume's, veral koolstofdioksied , met 20% te verminder teen die jaar 2020. Aan die anderkant word daar voorspel dat die wêreld se elektrisiteitsverbruik met 2.4% per jaar gaan toe neem wat dus 'n groot uitdaging stel aan hierdie doelwit. Fossiel brandstowwe sal dus in die toekoms met kernenergie of hernbare energiebronne vervang moet word om die groot hoeveelhede CO<sub>2</sub> wat in die atmosfeer vrygelaat word noemenswaardig te verminder.



Die wêreld verbruik daagliks 80 miljoen vate ru-olie . Een vaatjie ru-olie beslaan 160 liter en as dit omgeskakel word lewer dit die astronomiese syfer van 12.8 biljoen liter per dag. Aangesien ru-olie teen 'n hoér tempo verbruik word as wat nuwe bronne ontdek word, is die verwagte leeftyd daarvan ongeveer 42 jaar. Natuurlike aardgas het 'n verwagte leeftyd van net meer as 60 jaar en dié van steenkool is meer as 150 jaar.



Bestaande figuur dui die verskillende bronne aan waarop die wêreld se energie voorsiening gebaseer is. Soos voorheen bespreek is , voorsien fossiel branstowwe ( Gas 23.5% . Steenkool 27%, Olie 39.5%) in 90% van die wêreld se energie behoeftes. Die oorblywende 10% word tans voorsien deur kernenergie ( 7.4%) en hidro-elektrisiteit ( 2.6%). Dit is hoofsaaklik verantwoordelik vir die vinnig toenemende produksie in kweekhuisgasse wêreldwyd.

Suid-Afrika is verantwoordelik vir ongeveer 90% van die kweekgasse wat in Afrika in die atmosfeer vrygestel word



Suid-Afrika produseer nagenoeg 250 miljoen ton steenkool per jaar en is die vyfde grootste produsent in die wêreld. As 'n mens dit in perspektief wil plaas , kan dit vergelyk word met Sjina wat die grootste produsent in die wêreld is en tien keer meer steenkool dws 2500 miljoen ton per jaar produseer.

In Suid –Afrika gebruik Sasol ongeveer 40 miljoen ton steenkool per jaar in hul steenkool tot vloeibare branstowwe en chemikalië prosesse. Sasol voorsien slegs in 28% van Suid-Afrika se brandstof behoeftes aangesien dit meer loneend is om sintesegas na chemikalië om te skakel.


Eskom verbruik 110 miljoen ton steenkool per jaar in hul kragstasies vir die opwekking van 40 000 MW. As gevolg van die vraag na elektrisiteit beplan Eskom om sy kapasiteit met 'n verdere 40 000MW na 80 000MW te verhoog teen 2020. Die beplanning is dat die helfte van die kragvoorsiening ,dws 20 000 MW , deur middel van Kernenergie opgewek sal word. Om dit in perspektief te plaas kan dit weer vergelyk word met 'n land soos Sjina wat 600 000 MW ontwikkel en beplau om sy kapasiteit met 100 000 MW per jaar te verhoog. dws Sjina gaan 2.5 keer meer krag op wek in een jaar as wat ons in tien jaar beplan.

Industrieë soos die staal-, chemiese – , cementbedryf en andere verbruik ongeveer 25-30 miljoen ton steenkool per jaar.

Bogenoemde sektore is dus hoofsaaklik verantwoordelik vir die produksie van groot hoeveelhede kweekhuisgasse in Suid - Afrika


Die balans, ongeveer 70-80 miljoen ton grotendeels hoë kwaliteit steenkool word jaarliks uitgevoer.

## CO<sub>2</sub> - Vrystellings




Soos reeds voorheen genoem is, kan gesien word dat die fossiel brandstowwe naamlik, olie,gas en steenkool die hoogste gram-koolstof ekwivalent per kilowatt -uur elektrisiteit wat opgewek word lewer in vergelyking met al die ander beskikbare energiebronne. Kernenergie tesame met die hernuwbare energiebronne soos sonenergie, wind en hidro het die laagste koolstofvlakke tot gevolg. Wind en sonenergie is baie kapitaal intensief en voorsien energie nie op 'n kontinue basis nie, wat kernenergie 'n baie aantreklike opsie maak.

## Wêreld CO<sub>2</sub>- Produksie



Die sterk opwaartse kurwe dui daarop hoe ernstig die probleme is wat ondervind word met die toename in CO<sub>2</sub> produksie wêrlwyd. Gedurende die periode 1984 tot 2006 het CO<sub>2</sub> produksie van 19 000 miljoen ton per jaar tot 29 000 miljoen ton per jaar gestyg, 'n toename van net meer as 50%. Om hierdie probleem enigsins die hoof te bied sal daar 'n drastiese afname in die gebruik van fossiel brandstowwe as energiebron moet plaasvind. Kernenergie en energie voorsien deur hernuwbare bronne blyk die ooglopendste oplossings te wees


## Toekomstige Energieverbruik



WORLD ENERGY COUNCIL  
GLOBE IN SPHERE OF WORLD  
HOCHSTE STANDARD

Dit word voorspel dat die toekomstige energieverbruik van die wêreld met ongeveer 50% gaan toeneem oor die volgende 20 jaar. Dit is dus uiterst belangrik dat alternatiewe energiebronne ook aangewend moet word in die plek van fossiel brandstowwe, nie net om die CO<sub>2</sub> produksie te verminder nie, maar om die fossiel brandstofreserves meer spaarsaam te gebruik tot tyd en wyl 'n meer doeltreffende tegnologie ontwikkel is wat laer vlakke van besoedeling tot gevolg het


## Wêreld Bevolking



WORLD ENERGY COUNCIL  
GLOBE IN SPHERE OF WORLD  
HOCHSTE STANDARD


Dit word algemeen aanvaar dat die wêreld se bevolking van die huidige 6 miljoen mense gaan toeneem tot 9 miljoen teen die jaar 2060. Die toename in die vraag na meer energie is 'n direkte gevolg van die toename in ekonomiese aktiwiteit wat vir die toekoms voorspel word sowel as die vinnige groei in die bevolking soos aangetoon

## Kernkragsopwekking




Hierdie syfers toon aan dat elektrisiteitopwekking deur van kerntegnologie gebruik te maak alreeds 'n beweiste roete is en soveel as 380 GW(e) sowat 16% van die wêreld se benodigdhede gelewer word. Die vertikale balkies dui aan die nuwe byvoegings in kernenergie installasies vir kragsopwekking. Alhoewel dit 'n afname getoon het na die Three Mile Island en Chernobyl insidente, is dit nou weer besig om baie belangstelling gaande te maak. Verbeteringe in die tegnologie, ontwerp en bedryf van die nuwe generasie kerkragsstasies (NGNP) het tot gevolg dat dit feitlik onmoontlik is dat soortgelyke ongelukke weer sal voorkom.

## Totale Primêre Energie voorrsiening in RSA



Suid-Afrika is net soos die res van die wêreld hoofsaaklik afhanklik van steenkool, olie en gas (90%) vir die voorsiening in sy primêre energie behoeftes soos benodig deur alle sektore in die bedryf. Die grootste verskil is dat steenkool as energiebron by verre die grootste deel uitmaak (68%) vanweé die feit dat Suid-Afrika slegs oor beperkte natuurlike aardgas- en ruolie bronste beskik. Die res van die wêreld maak van 'n meer eweredige verspreiding, ongeveer 30% tussen steenkool, olie en gas as energiebron gebruik. Verhoging in die kapasiteit van kern- en hernubare energiebronne sal in die toekoms Suid-Afrika se hoogs afhanklikheid van steenkool kan verminder.

## **Elektrisiteit Opwekking-RSA**



90% van Afrika se CO<sub>2</sub>



Meer as 93% van Suid-Afrika se kragepwelking is op steenkool as energiebron gebasieer terwyl slegs 5% van kernkrag afkomstig is. Dit is grotendeels die rede waarom Suid-Afrika verantwoordelik is vir bykans 90% van die CO<sub>2</sub> wat in Afrika geproduseer word. Om hierdie wanbalans in die toekoms reg te stel, sal daar sonder twyfel meer kernkragsentrales opgerig moet word. Die doelwit is dat ongeveer 25% van die elektrisiteitsbenodigdhede uiteindelik deur kernkrag voorsien moet word.

## **PBMR (Pty) Ltd**


- PBMR Aandeelhouers:
  - Suid-Afrikaanse Regering
  - Eskom
  - Westinghouse V.S.A.
- Sedert 1999
- 800 werknemers en reeds meer as R6 biljoen spandeer



Suid-Afrika het in 1999 die maatskappy PBMR (Pty) Ltd gestig met die doel om kern-reaktore te ontwikkel wat kommersiel vir kragopwekking aangewend kan word. Die aandeelhouers in die maatskappy is die Suid-Afrikaanse regering, Eskom, en Westinghouse van die V.S.A. wat oor die nodige kundigheid op hierdie gebied beskik. PBMR maak van plaaslike sowel as internasionale kundiges op die gebied van kerntegnologie gebruik en het altesame 800 personeel in diens. Tot op datum is meer as R 6 biljoen alreeds op die ontwikkeling van die tegnologie gespandeer.

## PBMR Beplanning


- Korrelbed-tegnologie van Duitsland verkry
- Tegnologie is ontwikkel tot opvlak waar dit kommersieel aangewend kan word
- Begin met konstruksie van kern-branstrofaanleg in 2009
- Eerste 175 MWe PBMR kernkragstasie op te rig in 2012/2013
- ESKOM beplan om 25 van die 175 MWe kernkragsentrales op te rig



Die korrelbed-tegnologie waarop die kern reaktore gebasseer is, is oor die afgelope 30 jaar in Duitsland ontwikkel. Suid-Afrika het die potensiaal daarvan gesien en die tegnologie oorgeneem met die doel om dit verder te ontwikkel tot 'n vlak waar dit kommersieel aangewend kan word. Die verdere tegnologiese ontwikkeling het alreeds meer as 20 internasionale patente die lig laat staan. Die beplanning is dat daar later vanjaar begin sal word met die konstruksie van die branstrofaanleg wat net buite Pretoria geleë sal wees. Verder is die beplanning om die eerste 175 Mwe (500MWt) PBMR kragstasie teen 2012/2013 by Koeberg op te rig. Eskom is van voorntemoes om 25 van die 175 MWe kernkragsentrales op te rig om in hul toekomstige vraag na elektrisiteit te voorsien, maar die implementering daarvan sal afhang van hul finansiële posisie.

## Kernkrag Ontwikkelings

- Meer as 440 kernkragsentrales is wêreldwyd in bedryf en lewer tesoome 380 000 MW (V.S.A., Frankryk, Japan)
- Suid-Afrika beskik oor die 4de grootste uraan reserwes in die wêreld
- NGNP tegnologie (HTGR reaktore vervang PWR)



Daar is hundiglik meer as 440 kernkragsentrales in die wêreld in bedryf wat gesamentlik 380 000 MW elektrisiteit opwek. Dit verteenwoordig ongeveer 16% van die wêreld se behoeftes. Die V.S.A met meer as 'n 100 eenhede het die meeste kernkragsentrales in bedryf, gevolg deur Frankryk met meer as 50 en Japan met 50 eenhede. Kernkrag hou vir Suid-Afrika groot strategiese waarde in omdat ons oor

die 4de grootste uraan reserwes in die wêreld beskik. Dit sal beteken dat ons in die toekoms tot 'n groter mate selfvoorsienend sal wees wat ons energiebehoefte betref en nie meer so afhanklik van ingevoerde ruolie sal wees nie. Die nuutste NGNP ( New Generation Nuclear Plants) tegnologie wat ontwikkel is maak van hoog temperatuur gas-reaktore (HTGR) gebruik en vervang die ou type lae temperatuur water-reaktore.(Pressurized Water Reactors). Hierdie hoog temperatuur gas-reaktore het die verdere voordeel dat dit behalwe kragopwekking ook hoog temperatuur proseshitte voorsien wat aangewend kan word vir byvoorbeeld waterstofvervaardiging. Die veiligheidsaspekte van die nuut ontwerpde hoog temperatuur gas-reaktore is aansienlik verbeter in vergelyking met die lae temperatuur water reaktore wat ongelukke soos die Chernobyl geval hoogs onwaarskynlik maak.

## Waterstof Ekonomie

- Waterstof as toekomstige brandstof
- Hoog temperatuur proseshitte aangewend vir H<sub>2</sub> vervaardiging – huidiglik SMR
- Waterstof kan gestoor word
- Waterstof as energiebron vir verhitting,krag-opwekking en brandstof
- Geen CO<sub>2</sub> vrylatings maar slegs waterdamp



Waterstof is 'n bestanddeel wat die meeste in die natuur voorkom, maar nie as die element waterstof (H<sub>2</sub>) nie. Dit kom voor as 'n chemiese verhouding soos byvoorbeeld in water (H<sub>2</sub>O) , as koolwaterstof in steenkool en olie (C<sub>n</sub>H<sub>m</sub>) en as metaan (CH<sub>4</sub>) in natuurlike aardgas. Hoog temperatuur proseshitte soos gelewer deur 'n hoog temperatuur kern gasreaktor (HTGR) word gebruik in 'n chemiese proses om waterstof uit genoemde bronne te herwin. Huidiglik is stoom-metaanhervervorming (SMR) die prosesroete wat verantwoordelik is vir ongeveer 70% van alle waterstof wat wêrelwyd vervaardig word , maar groot volumes CO<sub>2</sub> word deur die proses vrygestel.

Waterstof het die verdere voordeel dat dit onder druk gestoor kan word en op aanvraag gebruik kan word , terwyl dit nie die geval met elektrisiteit is nie. Elektrisiteit word dadelik verbruik soos wat dit opgewek word. Waterstof kan as "skoon" energiebron aangewend word vir verhittingsdoeleindes , kragopwekking sowel as brandstof in motor voertuie. Tydens verbranding word geen kweekhuisgasse soos hyvoorbeeld CO en CO<sub>2</sub> vrygestel nie, maar slegs ongewingsvriendelike waterdamp.

## Waterstof Voertue

- Waterstofaangedrewe voertuie toegerus met brandstof-sel beskikbaar
- In staat om meer as 400 km af te lê teen snelheid van 150 km per uur
- Meer as 80% van alle voertuie wat in die VSA vervaardig word teen 2020 sal waterstof aangedrewe wees



Waterstofaangedrewe voertuie wat met 'n brandstof-sel toegerus is, is alreeds beskikbaar in die staat Kalifornië in die VSA vanaf motorhandelaars Fabrikante soos Honda, Toyota en BMW het groot vordering op die gebied gemaak en dit probleem is tans nie die ontwikkeling van die voertuie nie, maar wel die van waterstofbronne om in die toekostige behoeftie te voorsien. 'n Voertuig word tipies toegerus met drie of vier gassilinders waarin die waterstof saamgepers word tot 'n druk van 760 bar. Aangesien waterstof die ligste gas is bekend aan die mensdom, moet dit tot sulke hoë drukke saamgepers word om voldoende hoeveelhede brandstof in te neem. Die waterstof vloeï onder beheerde toestande na 'n brandstof-sel waar dit verbrand word deur lug in aansluiting te kom. Die hitte wat ontwikkel word agt die verbranding van waterstof word deur die brandstof-sel in elektrisiteit omgeskakel wat dan 'n elektriese motor dryf. Die enigste gasvrystelling is waterdamp. Die voertuie is in staat om meer as 400 km af te lê teen snelheid van tot 150 km per uur.

Die voertuie neem brandstof in by 'n waterstof-vulstasie en het nie 'n wagperiode soos benodig deur 'n battery aangedrewe motor nie wanneer die battery eers weer herlaai moet word nie. Dit word voorspel dat meer as 80% van alle voertuie wat teen 2020 in die VSA vervaardig gaan word, waterstofaangedrewe voertuie sal wees.

## Waterstof as Brandstof



Waterstof word ingeneem by een van die vulstasies in Kalifornië

## Verdere Kern –Waterstof Toepassings

- > Waterstof soos benodig deur die steenkool na vloeibare brandstowwe en petroleum industrie
- > Waterstof benodig deur die chemiese industrie
- > Waterstof benodig deur die staal industrie

Kern-waterstof kan die H<sub>2</sub>/CO verhouding van die sintesegas verhoog soos vervaardig uit steenkool vergassing of metaan stoomhervorming. Die H<sub>2</sub>/CO verhouding is belangrik vir sekere chemiese prosesse en vir die petroleum industrie. Deur die gassamestelling met kern-waterstof aan te vul, kan 'n aansienlike afname in CO<sub>2</sub> produksie bewerkstellig word.

Waterstof word ook gebruik as chemiese reaktant vir die vervaardiging van verskeie produkte in die chemiese industrie. Die aanwending van waterstof as reduksiemiddel in die staal industrie ipv die huidige steenkool en kooks sal tot 'n veel skoner bedryf aanleiding gee. Die vorming van duisende miljoene tonne CO<sub>2</sub> kan op hierdie wyse wêreldwyd verhoed word.

## Kern Ingenieurs Projekte

- Tegno-ekonomiese evaluering van HYS proses
- Ontwerp van SO<sub>3</sub> reaktor
- Ontwerp van plasma reaktore
- HYS — POX — WGS
- Veiligheidsaspekte
- Kern-waterstof vir staalvervaardiging

Bogenoemde is die projekte wat tans deur die Nagraadse Skool vir Wetenskap en Kerningenieurswese bestudeer word. Die HYS (Hybrid swaelsuur) proses word algemeen aanvaar as die proses met die grootste potensiaal om water ekonomies op te breek in waterstof en suurstof. Die proses is nog in die ontwikkeling-stadium en geen kommersiële aanleg bestaan nie. Behalwe vir die tegno-ekonomiese studie wat tans onderneem word om die optimum bedryfsparameters te bepaal waar watersof

ekonomies vervaardig kan word, word daar ook aandag gegee aan die SO<sub>3</sub> ontbindingsreaktor en die skeiding van SO<sub>2</sub> en O<sub>2</sub>. Die uiteindelike sukses van die HYS proses hang hoofsaaklik af van die werkverrigting van die chemiese ontbindingsreaktor. Goeie vordering is alreeds gemaak met die ontwerp van die reaktor.

Die nie-katalytiese plasma-boog hervormingsproses behels die hervorming van metaan met CO<sub>2</sub> as oksidasie middel vir die vervaardiging van sintesegas of waterstof. In hierdie geval word CO<sub>2</sub> deur die proses gebruik en nie gevorm nie.

Indien daar van die HYS proses gebruik gemaak word, word daar vir elke ton waterstof wat vervaardig word, 8 ton suurstof as byproduk gevorm. Hierdie suurstof kan in 'n POX (Parsiele oksidasie) proses gekoppel aan 'n WGS (Watergas) proses gebruik word om die waterstofproduksie aansienlik te verhoog. Dit kan groot ekonomiese voordele vir die HYS proses inhoud.

'n Volledige studie is ook gedoen om al die veiligheidsaspekte en voorsorgmaatreëls te bepaal wanneer 'n kernreaktor (PBMR) aan 'n chemiese aanleg gekoppel word vir die vervaardiging van waterstof.

Kern waterstof kan ook as reduksiemiddel in die staalbedryf aangewend word vir die produksie van sterkenehede. In hierdie geval word die gebruik van aansienlike hoeveelhede steenkool en kooks uitgeskakel wat 'n groot vermindering in CO<sub>2</sub> uitlaatgasse tot gevolg het.

**Chemiese Reaksies-HYS**

Twee gasfase ontbindingsreaksies:


$$H_2SO_3(g) \rightleftharpoons H_2O(g) + SO_2(g) \quad \Delta H_{298} = +97.54 \text{ kJ/mol}$$
$$SO_2(g) \rightleftharpoons SO(g) + \frac{1}{2} O_2(g) \quad \Delta H_{298} = +98.92 \text{ kJ/mol}$$

**H<sub>2</sub>O —→ H<sub>2</sub> + 1/2 O<sub>2</sub>**

NORTH-WEST UNIVERSITY  
SOUTH AFRICA  
POTCHEFSTROOM CAMPUS


Swaelsuur word gebruik as 'n promoter om water te skei in waterstof en suurstof. Die twee gasfase ontbindingsreaksies is hoogs endotermiese en ondergaan 'n volume toename tydens reaksie wat beteken dat die reaksies bevoordeel word deur hoë temperature en lae drukke. Die ontbindingsreaksie van H<sub>2</sub>SO<sub>4</sub> vind nie-katalytiese plaas by temperature van 400°C terwyl die reduksie reaksie van SO<sub>3</sub> in die teenwoordigheid van 'n katalisator by temperature van 850°C-900°C plaasvind. Volgens die stoichiometrie van die netto reaksie is dit duidelik dat vir elke ton waterstof wat gevorm word, agt ton suurstof as byproduk geproduceer word.

## Hys Proses Blokdiagram




Proses hitte word aan die reaktor voorsien deur die warm helium stroom by 900°C afkomstig vanaf die PBMR. Die twee belangrikste eenheidsoperasies van die proses is die chemiese onbindingsreaktor en die elektroliseerdeer. Swaelsuur met 'n konsentrasie van 50-60 mol % verlaat die elektroliseerdeer en word gekonseentreer tot 90 mol% voordat dit verhit word tot 400°C - 500°C waar H<sub>2</sub>SO<sub>4</sub> nie-katalyties onbind na SO<sub>3</sub> en H<sub>2</sub>O. Die gassstroem word verder verhit tot 870°C voordat dit die onbindingsreaktor binnegaan waar die SO<sub>3</sub> katalyties gereduseer word na SO<sub>2</sub> en O<sub>2</sub>. Die SO<sub>2</sub> en O<sub>2</sub> word geskei waar O<sub>2</sub> as 'n byproduksie herwin word en die SO<sub>2</sub> met water in die elektroliseerdeer reageer om waterstof en H<sub>2</sub>SO<sub>4</sub> te vorm. 'n Kinetiese model is vir die SO<sub>3</sub> onbindingsreaktor ontwikkel waarmee die reaktor volume , temperatuur – en konsentrasie profiele van die reagerende spesies bepaal kan word.

## Ewewigsomsetting van SO<sub>3</sub>



Die reduksie van SO<sub>3</sub> na SO<sub>2</sub> en O<sub>2</sub> word bevorder deur lae drukke en hoë temperatuur soos in die ewewigdiagram aangetoon. Aangesien die heliumstroom wat die PBMR verlaat by 'n temperatuur van 900°C is, is dit in staat om die reaktor waarin die SO<sub>3</sub> onbinding plaasvind tot 'n maksimum temperatuur van 870°C te verhit. By 3 bar druk en 'n temperatuur van 870°C is die maksimum ewewigomsetting van SO<sub>3</sub> wat bereik kan word 78%. Aangesien 'n reaktor in praktyk normaalweg ontwerp word om nie ewewigomsetting te bereik nie, is die maksimum realistiese omsetting wat verkyk kan word 74%. ( $0.95 \times 78\%$ )


## Reaktor Stadiums



NETHERLANDS INSTITUTE FOR ADVANCED COMPUTATION  
EINSTEIN CENTER FOR COMPUTATIONAL SCIENCE

Aangesien die  $\text{SO}_3$  ontbindingsreaktor adiabaties bedryf word, word geen hitte tot die reaktor bygevoeg nie, maar word die verhitting deur 'n eksterne hitteuitruiler verskaf. Die energiebalans wat oor die reaktor uitgevoer is, het die volgende vergelyking tot gevolg wat die verwantskap tussen omsetting en temperatuur aantoon,  $T = T^0 - 812 \cdot X_a$ . Hiermee kan die vinnige daling in temperatuur met reaksie verloop bepaal word. Deur van die energiebalans vergelyking gebruik te maak, kan bepaal word dat die temperatuur daal na ongeveer  $630\text{ }^\circ\text{C}$  waar 'n ooreenstemmende omsetting van 28% omsetting van  $\text{SO}_3$  by 3 bar druk verkyk kan word. Uit die figuur is dit duidelik dat 5 reaktorstadiums benodig word om 'n omsetting van 74% te verkry.


## Reaktor Konfigurasie




NETHERLANDS INSTITUTE FOR ADVANCED COMPUTATION  
EINSTEIN CENTER FOR COMPUTATIONAL SCIENCE

Die figuur toon die 5 reaktor-stadium uitleg met 4 intermediêre hitteuitruilers waarmee die gasstroom elke keer nadat dit 'n reaktor-stadium verlaat het, verhit word tot  $870\text{ }^\circ\text{C}$  deur die warm helium stroom voordat dit die volgende reaktor-stadium binnegaan. Aangesien daar geen hitteuitruiling in die reaktor plaas vind nie, vereenvoudig dit die ontwerp vergelykings van die reaktor en kan daar meer op die reaksie kinetika gekonsentreer word. Daar is gevind dat die volume van die hitteuitruilers wat die reaksiehitte voorsien meer as tien keer groter is as die gesamentlike volumes van al die reaktorstadiums om 74% omsetting van  $\text{SO}_3$  te verkry. Dit beteken dat die reaksie deur hitteoordrag beloop word en nie


deur die reaksiekinetika nie. Die reaksie in die reaktor vind dus plaas teen die tempo waarteen hitte voorsien word



Aangesien die reaktor adiabatiese bedryf word, is  $Q = 0$  in al die ontwerpvergelykings. Nadat die reaksietempo-vergelyking ( $-r_A$ ) vir die reaksie bepaal is, kan die ontwerpvergelyking van die propvloeireaktor bepaal word waarmee die omsetting wat verky word as 'n funksie van die reaktorvolume bereken kan word (vergelyking (1)) 'n Energie balans wat oor die reaktor uitgevoer kan word lewer vergelykings (2) en (3) waarmee die temperatuurverandering oor die lengte van die reaktor bepaal kan word en die omsetting as 'n funksie van temperatur. Die vergelykings is in differensiaal vorm en die sagteware program "Polymath" is gebruk om die verskillende grootede te bepaal. 'n Reaksie kinetiese model is opgestel waarmee die volume van die reaktor bereken kan word om 'n sekere omsetting te verkry sowel as die berekening van die temperature en konsentrasiestasies van die reagerende spesies by verkillende punte in die reaktor.



Die grafiese duif die koncentrasies van die rengereende spesies sowel as die temperatuur by enige punt in die reaktor aan wat met behulp van die reaktor model bereken kan word.



Vanweë die feit dat daar bewys is dat die reaktor werkverrigting deur hitteoordrag en nie kinetika beheer word, is daar besluit om die reaktor en hitteuitruiler in een eenheid te kombiner soos in die figuur aangewoon. Die nodige hitteoordrag vergelykings is in die reaktor ontwerpvergelyking ingesluit vir die ontwerp van die beoogde hitteuitruiler/reaktor eenheid. Daar word beoog om met die voltooiing van die finale ontwerp, 'n prototipe by NWU op te rig vir die doeleindes van verdere toetswerk en die insameling van opskal data.